

10 Mei

Skrifgedeelte: Efesiërs 4:25–5:5

Fokusgedeelte: Efesiërs 4:32

Sê nou net ...

“Sê nou net” jy het ‘n sonde teen iemand begaan, jy het daardie persoon tot in die grond afgekraak deur hom sleg te sê? Hoe heerlik om te weet dat daar volle vergifnis vir jou is deur Jesus Christus wanneer jy berouvol tot die Here jou God bid. God vergewe, en sal nooit meer aan jou sonde dink of iets teen jou hou nie.

Maar “sê nou net” iemand het jou afgekraak deur jou sleg te sê? “Sê nou net” daardie slegsê-woorde bly in jou gedagtes vassteek en jy vertel dit verwykend oor en oor aan al jou vertrouelinge? MAAR: “Sê nou net” daardie persoon wat jou sleg gesê het, het lankal reeds tot die Here gebid om vergifnis, en die Here het hom volkome vergewe? “Sê nou net” jy is die een wat vassteek by ‘n saak wat deur die Here weggewerp is so ver as die ooste verwyder is van die weste?

Ons mag niks teen iemand hou nie – dit druis in teen die wyse waarop God ons vergewe. Hy wil hê ons moet mekaar vergewe soos wat Hy ons vergewe. “Sê nou net” God sou ons sonde altyd weer en weer wou opper? Ons dank U Here dat daar nooit ‘n “sê nou net” ter sprake is nie wanneer U ons al ons sonde vergewe! Hoe heerlik om te weet God is volmaak en sy daade is volmaak. Hy vergewe volmaak – ons het volle sekerheid oor Hom en oor ons ewige toekoms. Daar is by God nêrens ‘n “sê nou net” nie.

Sing: Psalm 25:3,5 Ds HJ Briel (Mariental)